## 15.3 RAPPORT 3 – DEPUTATE DIAKONALE SAKE – DIAKONALE INRIGTINGS (Art 78)

## 15.3 REPORT 3 – DEPUTIES DIACONAL AFFAIRS – DIACONAL INSTITUTIONS (Art 78)

A. Ds FJ Potgieter stel die Rapport.
Rev. FJ Potgieter tables the Report.

B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report is concluded while the Synod is in session.

C. **RAPPORT / REPORT**

| | |
|---|---|
| **1. Opdrag: (Acta 2012: 102-107, 15.3)** | **1. Mandate: (Acta 2012: 102-107, 15.3)** |
| 1.1 Die Sinodale Deputate vir die Diakonale Sake (SDDS) van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) is in beheer van alle diakonale tehuise en alle diakonale fondse wat Nasionaal beheer word. Die SDDS tree ook kontrolerend op en verleen steun en advies aan alle diakonieë in die GKSA. Alle bemarking vir fondsinsamelingsprojekte word deur die SDDS nasionaal gedoen en beheer. Die SDDS sal een nasionale diakonale fonds bestuur en prosesse in plek stel om diakonale steun uit die fondse te verleen aan tehuise, noodtoestande, aan diakonieë en ander diakonale behoeftes. | 1.1 The Synodal Deputies for the Diaconal Affairs (SDDS) of the Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) manage all diaconal homes and all diaconal funds on National level. The SDDS fulfils a supervisory role and offers support and advice to all the diaconates of the GKSA. All marketing for fundraising projects are done and managed by the SDDS on national level. The SDDS will manage one national diaconal fund and put processes in place to offer diaconal support from the funds for care homes, emergencies, to diaconates and other diaconal needs. |
| **Besluit: Kennis geneem.** | **Decision: Noted.** |
| **2. Sake waarvan die Sinode kennis neem** | **2. Matters that the Synod takes note of** |
| 2.1 *Beheer: diakonale inrigtings* | 2.1 *Management: diaconal institutions* |
| 2.1.1 Kyk 2.1.3 van Rapport 2. | 2.1.1 See 2.1.3 of Report 2. |
| 2.2 *Bestuur: diakonale inrigtings* | 2.2 *Management: diaconal institutions* |
| 2.2.1 Die onderskeie diakonale inrigtings beskik elkeen oor sy eie bestuur wat tydens 'n ledevergadering verkies word en deur die Deputate goedgekeur word. Elke plaaslike bestuur kies sy eie voorsitter. | 2.2.1 Each diaconal institution has its own management team elected during member meetings and approved by the deputies. Each management team selects its own chairman. |
| 2.2.2 President Kruger Kinderhuis Pretoria se bestuurder is tans br Kobus Vorster. | 2.2.2 The President Kruger Children's Home Pretoria is currently managed by Br Kobus Vorster. |
| 2.2.3 President Kruger Kinderhuis Reddersburg se bestuurder is tans br Danie Noeth. | 2.2.3 The President Kruger Children's Home Reddersburg is currently managed by Br Danie Noeth. |
| 2.2.4 Die onderskeie bestuurders is saam met hulle bestuursliggame verantwoordelik vir die dag tot dag bestuur van die diakonale inrigtings en die versorging van die kinders wat aan hulle sorg toevertrou is. | 2.2.4 These managers, together with their governing bodies, are responsible for the day-to-day running of the diaconal institutions and the care of the children entrusted to them. |
| 2.3 *Fondse: diakonale inrigtings* | 2.3 *Funds: diaconal institutions* |
| 2.3.1 Kyk 2.2.5 van Rapport 2 | 2.3.1 See 2.2.5 of Report 2. |

| | |
|---|---|
| 2.3.2 Die Deputate Diakonale Sake koördineer, fasiliteer en reguleer die verspreiding van fondse wat kerke bydra vir aanwending by die diakonale inrigtings. | 2.3.2 The Deputies Diaconal Affairs coordinate, facilitate and regulate the division of funds churches contribute among the diaconal institutions. |
| 2.4 *Fondsinsameling en bemarking* | 2.4 *Fundraising and marketing* |
| 2.4.1 In die verlede het die twee kinderhuise ‘n samewerkingsooreenkoms gehad waar alle ingesamelde fondse (kerklik en nie-kerklik) in ‘n gesamentlike rekening inbetaal is, waarna dit deur die Admin Buro op ‘n 50/50 basis verdeel is. Sedert Mei 2021 bestaan hierdie samewerkingsooreenkoms nie meer nie. | 2.4.1 In the past the two children’s homes had a cooperation agreement where all funds (from the church and elsewhere) were deposited into a joint bank account, which was then divided equally by the Admin Bureau. This cooperation agreement was terminated in Mei 2021. |
| 2.4.2 <u>Deputate Diakonale Sake</u> | 2.4.2 <u>Deputies Diaconal Affairs</u> |
| 2.4.2.1 Op advies van die Deputate Diakonale Sake se ouditeure en aan die hand van die Deputate se opdrag soos uiteengesit in die diakonale inrigtings se konstitusies dat die Deputate in beheer is van alle diakonale Kinderhuise en dal alle fondse nasionaal beheer word, is besluit dat alle fondse wat vanuit die kerkverband ontvang word voortaan in die Deputate se rekening inbetaal moet word waarna die Admin Buro die nodige verdeling na die onderskeie kinderhuise sal maak. Waar dit nie gespesifiseer word nie word hierdie fondse steeds 50/50 tussen die kinderhuise verdeel. Sou ‘n gemeente dit egter vir ‘n spesifieke kinderhuis skenk word toegesien dat die fondse na die betrokke kinderhuis uitbetaal word. | 2.4.2.1 Upon the advice of the auditors of the Deputies Diaconal Affairs and in accordance to the Deputies’ instruction, as set out in the constitutions of the diaconal institutions, whereby the Deputies manage all diaconal children’s homes and all funds are managed nationally, it was decided that all funds from the churches would henceforth be deposited into the Deputies’ bank account. The Admin Bureau will then divide the funds among the children’s homes on a 50/50 basis, unless specified otherwise. Should a congregation however make a donation to a specific children’s home, the funds will be paid out to the relevant children’s home. |
| 2.4.2.2 Die Deputate beoog om bewustheid van die diakonale inrigtings se behoeftes onder die GKSA te bevorder. Daar sal onder andere gebruik gemaak word van direkte kommunikasie met diakonieë en indirekte kommunikasie via sosiale media. | 2.4.2.2 The Deputies aim to promote awareness of the diaconal institutions’ needs among the churches. This will *inter alia* occur by means of direct communication with diaconates and indirect communication via social media. |
| 2.4.3 <u>Diakonale Inrigtings</u> | 2.4.3 <u>Diaconal Institutions</u> |
| 2.4.3.1 Sedert die besluit van Mei 2021 om nie meer saam te werk aan fondsinsamelings inisiatiewe nie, is elke diakonale inrigting verantwoordelik vir sy eie nie-kerklike fondsinsameling en bemarking. | 2.4.3.1 Since the decision of May 2021 to no longer collaborate on fundraising initiatives, each diaconal institution is responsible for its own non-church fundraising and marketing. |
| 2.5 *Mediese Bystandsfonds* | 2.5 *Medical Support Fund* |
| 2.5.1 Die mediese bystandsfonds word steeds jaarliks aangevul soos moontlik | 2.5.1 The medical support fund is still annually supplemented, as is possible, for the care |

| | |
|---|---|
| vir die versorging van afgetrede werknemers van die Kinderhuise. Die fonds staan tans op R1 647 952 en daar is 4 gesinne wat maandeliks ondersteun word. | of retired employees of the children's homes. The fund stands at R1 647 952 at present and 4 families receive monthly support. |
| **Besluit: Punte 2.1 tot 2.5.1 kennis geneem.** | **Decision: Points 2.1 to 2.5.1 noted.** |
| **3. Sake waaroor die Sinode besluit** | **3. Matters that the Synod decides on** |
| 3.1 Aanbeveling: Dat die opdrag aan die te benoemde deputate ten opsigte van diakonale inrigtings soos volg gewysig word: | 3.1 Recommendation: The instruction to the next deputies regarding diaconal institutions should be amended as follows: |
| 3.1.1 <u>Die Deputate Diakonale Sake</u> | 3.1.1 <u>The Deputies Diaconal Affairs</u> |
| 3.1.1.1 beheer alle diakonale inrigtings van die GKSA. | 3.1.1.1 manage all the diaconal institutions of the GKSA; |
| 3.1.1.2 beheer en administreer alle diakonale fondse uit die GKSA ten bate van die diakonale inrigtings. | 3.1.1.2 manage and administrate all diaconal funds from the GKSA to the benefit of the diaconal institutions; |
| 3.1.1.3 tree koördinerend op ten opsigte van diakonale inrigtings. | 3.1.1.3 play a coordinative role with regard to diaconal institutions; |
| 3.1.1.4 skakel met die kerkverband. | 3.1.1.4 communicate with the churches of the GKSA; and |
| 3.1.1.5 bied finansiële hulp. | 3.1.1.5 offer financial aid. |
| **Besluit: Punte 3.1 tot 3.1.1.5 goedgekeur.** | **Decision: Points 3.1 to 3.1.1.5 approved.** |